


ST. JAN VAN DIE KRUIS

14 DESEMBER

(1542-1591)



Die kruis was inderdaad die deurlopende tema van hierdie groot Karmelitiese hervormer en mistikus se lewe. Bekommerd oor die voortbestaan van sy orde, wat besig was om af te wyk van hul oorspronklike charisma, probeer hy sy bes om die Karmel-orde van binne te hervorm. Sy medebroeders en owerstes begryp hom egter verkeerd en hy word as straf in 'n sel opgesluit. In die donkerte van die kerker ervaar hy mistieke visioene en deur sy pyn begin hy om van die mooiste geestelike digkuns en diepsinnigste prosa in die bestaan van die Kerk neer te skryf. Sy werke leer ons die ware koste van dissipelskap en hoe ons lewenspad na eenwording met God streng selfbeheersing, totale oorgawe en loutering gaan verg. Dit is die kruis wat na die Opstanding lei, angs wat oorgaan in ekstase, duisternis wat oopmaak vir die lig, oorgawe en self-opoffering wat na eenwording met God lei.

Hy was 'n tydgenoot en vriend van St. Theresa van Avila en hy sterf op die ouderdom van 49 jaar